



Verwysing: 201707012-2901
12/2/11/1/2
Navrae: Alistair Mather – 021 4672962

Kurrikulum AAO-minuut: DCG 0013/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:
Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges,
Vakadviseurs en Prinsipale van alle skole

**Onderwerp: Afrika-kodeweek "Train the Trainer"-werksessies vir alle onderwysers vir graad
3 tot 10**

1. Die Kaapstadse Wetenskapsentrum is die gasheer van Afrika-kodeweek "Train the Trainer"-werksessies wat deur 'n internasionale sagtewaremaatskappy befonds en deur die Kaapstad Wetenskapsentrum en *Galway Education Centre* geïmplementeer word.
2. Afrika-kodeweek is 'n vastelandwye inisiatief om kodering (rekenaarprogrammering) onder die jeug te bevorder deur van sagteware gebruik te maak wat vryelik beskikbaar is.
3. Die Afrika-kodeweek "Train the Trainer"-werksessies is spesifiek vir onderwysers in die Wes-Kaap en word gratis aangebied.
 - 3.1 Die gratis "Train the Trainer"-werksessies vir onderwysers sal die volgende die hoof bied:
 - Hoekom kodering/rekenaarprogrammering vir jong leerders?
 - Hoe om kodering/rekenaarprogrammering met behulp van *SCRATCH* (gratis sagteware) te onderrig.
 - Hoe om 'n werksessie oor kodering/rekenaarprogrammering vir leerders tussen die ouderdomme van 8 tot 16 jaar te reël.
 - Hoe om werksessies tydens die werklike Afrika-kodeweek, vanaf 18 tot 25 Oktober 2017, vir leerders te reël.
 - 3.2 Hierdie werksessies stel onderwysers in staat om leerders eenvoudige koderingsvaardighede te leer. Afrika-kodeweek kweek 'n bewustheid van kodering/rekenaarprogrammering en bevorder 'n belangstelling in die 21ste eeu se leervaardighede buite die grense van die klaskamer, d.w.s.:

- geletterdheid;
 - Wiskunde;
 - probleemoplossingsvaardighede;
 - rekenaargeletterdheid; en
 - prosedurele geletterdheid, d.w.s. denke oor prosesse in die wêreld.
4. Afrika-kodeweek is 'n inisiatief wat nou in sy derde jaar is, en die implementeerders moedig onderwysers van die Wes-Kaap aan om voort te gaan om by hierdie vastelandwye geskiedkundige inisiatief betrokke te raak deur te registreer om aan die gratis "Train the Trainer"-werksessies deel te neem. Onderwysers wat aan hierdie werksessies deelneem, sal gratis hulpbronne, verversings en 'n bywoningcertifikaat ontvang.
 5. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) moedig skole aan om te registreer en om in 2017 aan die Afrika-kodeweek se "Train the Trainer"-werksessies deel te neem.
 6. Die WKOD versoek dat skole kennis neem van die betrokke datums vir hierdie geleentheid wat op **11, 12 en 13 Augustus 2017 (Vrydagmiddag, Saterdagoggend of Saterdagmiddag en Sondagoggend)** plaasvind. Onderwysers kan op enige van hierdie dae 'n oggend- of middagssessie van ongeveer twee uur bywoon.
 7. Alle kommunikasie sal via e-pos, SMS en/of telefoon plaasvind en moet aan die Kaapstadse Wetenskapsentrum gerig word. Wanneer onderwysers registreer, moet hulle die kommunikasiemetode wat hulle verkies, aandui.
 8. Vir **verdere navrae** of om **te registreer**, kontak asseblief die Kaapstadse Wetenskapsentrum telefonies, per faks of besoek hulle webwerf:

Telefoon	021 300 3200 (Theresa of Info); 083 276 9509 (Theresa)
Faks	086 519 7227
E-pos	theresafnomfundo@ctsc.org.za of info@ctsc.org.za
Webwerf	http://ctsc.org.za

9. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers vir graad 3 tot 10 te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-07-14